

Jesus in Petrus se geskrifte



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

I Petrus 1:18, 19; Kolossense 1:13, 14; Jesaja 53:1–12; Johannes 11:25; Psalm 18:50; II Petrus 1:1.

Geheeteks:

“wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is” (*I Petrus 2:24*).

Soos wat ons in I Petrus gesien het, behoort dit teen hierdie tyd duidelik te wees dat wat die spesifieke kwessies ook al was wat Petrus aangespreek het, sy fokus op Jesus gerig was. Jesus is deel van alles waaroor hy skryf; dit is die goue draad wat deur die brief geweef is. Vanaf die eerste sin waar Petrus sê dat hy ‘n “apostel” is, tot die laaste sin waar hy skryf, “Vrede vir julle almal wat in Christus Jesus is!” (*I Pet. 5:14*), is Jesus sy hooftema. En in hierdie brief noem hy Jesus se dood, ons offerande. Hy praat oor die groot lyding wat Jesus verduur het, en gebruik Hom in Sy lyding as ‘n voorbeeld vir ons. Hy praat oor die opstanding van Jesus en wat dit vir ons beteken. Daarby praat hy oor Jesus wat nie net die Messias, die Christos, die “gesalfde” was nie, maar oor Jesus as die goddelike Messias. Met ander woorde, ons kry in I Petrus meer bewys van die Goddelike natuur van Jesus. Hy was God self, wat as mens gekom, geleef en gesterf het sodat ons die hoop en belofte van die ewige lewe kan hê.

Hierdie week werk ons weer deur I Petrus en kyk ons noukeurig hoe Jesus in hierdie brief openbaar word.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 20 Mei.*

Jesus, ons Offerlam

God se werk om die gevalle mensdom te red, is ‘n oorkoepelende tema, of selfs dié oorkoepelende tema in die Bybel. Vanaf die val van Adam en Eva in Génesis tot by die val van Babilon in Openbaring, openbaar die Skrif op een of ander manier die werk van God om te soek en te red “wat verlore was” (*Luk. 19:10*). En hierdie tema word ook in Petrus se briewe uitgelig.

Lees I Petrus 1:18, 19 en Kolossense 1:13, 14. Wat beteken dit om verlos te word, en wat het bloed met verlossing te doen?

Die dood van Jesus word in I Petrus 1:18, 19 soos volg beskryf: “omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is [nie] . . . maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos.” Daar is twee hoofgedagtes in hierdie woorde: verlossing en ‘n diere-offerande.

Redding word in die Bybel op verskeie maniere uitgebeeld. Byvoorbeeld, die eersgebore donkie (wat nie geoffer kon word nie) en die eersgebore seun (*Exod. 34:19, 20*) was losgekoop deur ‘n lam te offer. Geld kon gebruik word om artikels terug te koop (los te koop) wat as gevolg van armoede verkoop moes word (*Lev. 25:25, 26*). Wat baie belangrik was, was dat ‘n slaaf vrygekoop kon word (*Lev. 25:47–49*). Petrus deel sy lesers mee dat die koste om hulle terug te koop (los te koop) van hulle “ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is” (*I Pet. 1:18*) niks minder as die “kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (*I Pet. 1:19*) gekos het nie. Die “lam” bring natuurlik die konsep van ‘n diere-offerande na vore.

Petrus vergelyk Christus se dood met die van ‘n diere-offerande in die Hebreeuse Bybel. ‘n Sondaar het ‘n skaap sonder gebrek na die heiligdom gebring. Die sondaar het dan sy hande op die dier gelê (*Lev. 4:32, 33*). Die dier was geslag en van sy bloed was aan die horings van die altaar gestryk; die orige bloed was aan die onderkant van die altaar uitgegiet (*Lev. 4:34*). Die dood van die diere-offerande het “versoening” gedoen vir die sondaar wat die dier gebring het (*Lev. 4:35*). Petrus sê dat Jesus in ons plek gesterf het en dat Sy dood ons van ons vorige lewe en die verdoemenis wat ons toegekom het, verlos het.

Wat leer die feit dat ons enigste hoop op verlossing ‘n Plaasvervanger was wat in ons plek gesterf het, ons oor ons volkome afhanklikheid van God?

Die lyding van Christus

Christene praat dikwels oor “die lyding van Christus”. Die woord lyding kom van ‘n Griekse werkwoord wat “om te ly” beteken, en die sinsnede “die lyding van Christus” verwys gewoonlik na hoe Jesus in die laaste oomblikke van Sy lewe gely het net na Sy intog in Jerusalem in. Petrus gee ook aandag aan die tema van Christus se lyding gedurende daardie laaste paar dae.

Lees I Petrus 2:21–25 en Jesaja 53:1–12. Wat vertel hierdie verse ons oor hoe Jesus namens ons gely het?

Jesus se lyding is buitengewoon belangrik. Hy het “self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra (*vergelyk met Handeling 5:30*), sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe” (*I Pet. 2:24*). Die gevolg van sonde is die dood (*Rom. 5:12*). Ons verdien die dood omdat ons sondaars is. Maar, die volmaakte Jesus – “in wie se mond geen bedrog gevind is nie” (*I Pet. 2:22*) — het in ons plek gesterf. In hierdie omruiling vind ons die plan van verlossing.

Lees Jesaja 53:1–12 weer. Wat sê hierdie verse oor Jesus se lyding terwyl Hy die plan van verlossing namens ons deurgewerk het? Wat sê dit oor die karakter van God?

“Die Satan het die hart van Jesus met felle versoekings geteister. Die Heiland kon nie deur die poorte van die graf sien nie. Hy het nie die hoop beleef om as oorwinnaar uit die graf uit op te staan nie, of dat Sy Vader die offer sou aanneem nie. Hy het gevrees dat die sonde so weersinwekkend vir God is dat hulle vir ewig geskei sou wees. Christus het die sielsangs deurgemaak wat die sondaar sal voel wanneer genade nie langer vir die sondige mensdom sal pleit nie. Dit was dié sondebefes, wat die Vader se toorn teen Hom as die mens se plaasvervanger ontken het, wat die beker vir Hom so bitter gemaak het, wat die hart van die Seun van God gebreek het.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 635.

Wat behoort ons reaksie op wat Christus vir ons verduur het, te wees? Volgens I Petrus 1:21, hoe moet ons Sy voorbeeld volg?

Die opstanding van Jesus

Lees I Petrus 1:3, 4, 21; 3:21, Johannes 11:25, Filippense 3:10,11; Openbaring 20:6. Na watter groot hoop verwys hierdie Skrifgedeeltes, en wat beteken dit vir ons?

Soos wat ons reeds gesien het, word daar in I Petrus aan hulle wat vir hulle geloof gely het, geskryf. Dit is veral toepaslik dat Petrus reg aan die begin van sy brief sy lesers se aandag op die hoop vestig wat op hulle wag. Soos hy sê, die hoop van 'n Christen is 'n lewende hoop, spesifiek omdat dit 'n hoop is wat gevestig word op die opstanding van Jesus (*I Pet. 1:3*). Omdat Jesus opgestaan het, kan Christene ook uitsien na 'n erfenis in die hemel wat nie sal vergaan of verwelk nie (*I Pet. 1:4*). Met ander woorde, maak nie saak hoe erg dit word nie, dink daaraan wat op ons wag wanneer alles verby is. Jesus se opstanding uit die dood is beslis 'n waarborg dat ons ook opgewek kan word (*I Kor. 15:20, 21*). Soos Paulus dit sê, “en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes” (*I Kor. 15:17*). Maar omdat Jesus uit die dood opgewek was, het Hy gewys dat Hy mag het om die dood te oorwin. Daarom vind die Christen se hoop sy grondslag in die historiese gebeurtenis van Christus se opstanding. Sy opstanding is die fondament van ons opstanding aan die einde van tyd.

Waar sal ons ons sonder daardie hoop en belofte bevind? Alles wat Christus vir ons gedoen het, word in die belofte van die opstanding vervul. Watter hoop het ons daarsonder, veral omdat ons weet dat, in teenstelling met die algemene Christelike oortuiging, die dooies onbewus in die graf slaap? “Vir die Christen is die dood maar 'n slaap, 'n oomblik van stilte en donkerheid. Die lewe is met Christus in God verborge, en 'wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word.’ Johannes 8:51, 52; Kolossense 3:4 . . . met Sy wederkoms sal al die kosbare ontslapenes Sy stem hoor en sal hulle verheerlik en onsterflik te voorskyn kom.” - E.G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 661-662.

Dink na oor die klaarblyklike finaliteit van die dood. Dit is so onaangenaam, so onversoenlik, en so werklik. Hoekom is die belofte van die opstanding dan so belangrik vir alles waarin ons glo en waarvoor ons hoop?

Jesus, die Messias

Soos wat ons vroeër gesien het, het een van die kern keerpunte in Jesus se aardse bediening plaasgevind toe, in antwoord op 'n vraag oor wie Hy was, Petrus geantwoord het: “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (*Matt. 16:16*). Die woord Christus (*Christos* in Grieks) beteken die “gesalfde”, die “Messias”; in Hebreeus is dit *mashiyach*. Dit kom van 'n stamwoord wat “om te salf” beteken, en was gebruik in verskeie kontekste in die Ou Testament. (Dit was selfs op een plek gebruik om na die heidense koning, Kores [*sien Jes. 45:1*] te verwys.) Dus, toe Petrus Jesus, Christus genoem het, het hy 'n woord gebruik wat 'n verlange in die Joodse gedagte aangedui het wat van die Hebreeuse Geskrifte afgelei was.

Lees die volgende teksverse uit die Ou Testament wat die woord *Messias* of *Gesalfde* gebruik. Wat leer die konteks ons oor wat dit beteken? Hoe kon Petrus dalk verstaan het wat dit beteken toe hy Jesus die Messias genoem het?

Ps. 2:2 _____

Ps. 18:50 _____

Dan. 9:25 _____

1 Sam. 24:6 _____

Jes. 45:1 _____

Alhoewel Petrus deur die Here geïnspireer was om Jesus as die Messias bekend te stel (*Matt. 16:16, 17*), is daar geen twyfel dat hy nie ten volle verstaan het wat dit beteken het nie. Hy het nie verstaan wie presies die Messias was nie, wát Hy sou bereik het, en, miskien die belangrikste, hóe Hy dit sou bereik het nie. Petrus was nie alleen in sy gebrek aan begrip nie. Daar was baie verskillende idees oor die Messias in Israel. Die gebruik van die woorde Messiahor, gesalfde, in die bogenoemde teksverse dui nie opsigself die volledige begrip aan nie, alhoewel hulle tog vooruitwys wat die Messias uiteindelik sal wees en doen.

Johannes 7:40 onthul iets van wat van die Messias verwag was: Hy sou 'n afstammeling van Dawid wees van die dorpie Bethlehem (*Jes. 11:1–16, Mig. 5:2*). Daardie deel het hulle reg gehad. Maar die algemene beskouing was dat die afstammeling van Dawid sou doen wat Dawid gedoen het: die vyande van die Jode verslaan. Niemand het 'n Messias verwag wat deur die Romeine gekruisig sou word nie. Petrus het natuurlik, teen die tyd wat hy sy briewe geskryf het, duideliker begryp dat Jesus die Messias was (in I and II Petrus word Hy 15 keer Jesus *Christus* genoem), en wat Hy alles vir die mensdom sou volbring.

Jesus, die Goddelike Messias

Petrus het nie net geweet dat Jesus die Messias is nie, maar dat Hy ook die Here is. Dit wil sê, teen die tyd wat hierdie briewe geskryf was, het Petrus geweet dat die Messias God self was. Alhoewel die titel “Heer” ‘n sekulêre betekenis kan hê, kan die term ook duidelik verwys na Goddelikheid. In I Petrus 1:3 en II Petrus 1:8, 14, 16, verwys Petrus na Jesus, na die Messias, na die Christus, na die Here, na God self. Net soos die ander skrywers in die Nuwe Testament beskryf Petrus die verwantskap tussen Jesus en God met die woorde Vader en Seun. Byvoorbeeld, “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus” (*I Pet. 1:3; vergelyk II Pet. 1:17*). Jesus word as die geliefde Seun beskryf (*II Pet. 1:17*), en ‘n deel van Jesus se outoriteit as Here, en Sy hemelse status, ontstaan uit hierdie spesiale verhouding wat Hy met God die Vader het.

Lees II Peter 1:1, Johannes 1:1, en Johannes 20:28. Wat vertel hierdie verse ons oor die Goddelikheid van Jesus?

II Petrus 1:1 sê “... onse God en Saligmaker, Jesus Christus”. In die oorspronklike Grieks word dieselfde bepalende lidwoord (d.w.s., “die”) gebruik vir beide God en Saligmaker. Grammaties beteken dit dat beide “God” en “Saligmaker” vir Jesus gebruik word. Een van die baie duidelike aanduidings in die Nuwe Testament van die volle Goddelikheid van Jesus word dus in I Petrus 1:1 gevind. Terwyl die vroeë Christene gesukkel het om Jesus te verstaan, het hulle geleidelik die bewyse in die Nuwe Testament bymekaargemaak. In die geskifte van Petrus word die Vader, die Seun en die Heilige Gees afsonderlik genoem, byvoorbeeld, Vader of Seun: I Pet. 1:3, II Pet. 1:17; Heilige Gees: I Pet. 1:12, II Pet. 1:21, soos ook in die res van die Nuwe Testament. Maar, terselfdertyd word Jesus as ten volle Goddelik voorgestel, net soos die Heilige Gees. Deur die jare, en na baie besprekings, het die kerk die leerstelling van die Drie-Eenheid ontwikkel om so goed as moontlik die Goddelike verborgenheid van die Godheid te verduidelik. Sewendedag-Adventiste sluit die leerstelling van die Drie-Eenheid as een van hulle 28 fundamentele geloofsoortuigings in. Ons sien dus in Petrus ‘n duidelike uitbeelding van Jesus, nie net as die Messias nie, maar as God self.

Wanneer jy oor die lewe en dood van Jesus dink en dan besef dat Hy God was, wat sê dit aan jou oor die tipe God wat ons dien en hoekom ons Hom behoort lief te hê en Hom te vertrou? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat.

Vir verdere studie:

“Dit lyk logies om met die ‘Messias’ te begin, aangesien die Christelike Kerk se naam afgelei word van die Griekse ekwivalent *Christos*, die “Gesalfde”. Die Hebreeuse woord hou verband met die bevrydingsfiguur wie die Jode vewag het en wie God se agent sou wees in die inhuldiging van ‘n nuwe tydperk vir God se volk. Beide die Hebreeuse en die Griekse uitdrukkings word van die bronbetekenis ‘om te salf’, afgelei. Deur Hom ‘Christus’ te noem, het die Nuwe Testamentskrywers klaarblyklik Jesus as iemand wat spesiaal vir ‘n spesifieke taak gekies was, gesien. “Die titel *Christos* verskyn meer as 500 keer in die Nuwe Testament. Alhoewel daar meer as een konsep oor die Messias onder Jesus se tydgenote was, word dit oor die algemeen erken dat teen die eerste eeu die Jode die Messias beskou het as iemand wat ‘n spesiale verhouding met God het. Hy sou die einde van die wêreld inlui wanneer die koninkryk van God opgerig sou word. Hy was die een deur wie God sou ingryp om Sy volk te verlos uit hierdie aardse bestaan. Jesus het die titel ‘Messias’ aanvaar, maar het nie die gebruik daarvan aangemoedig nie; want die term het politieke botone gehad wat die gebruik daarvan verhinder het. Alhoewel onwillig om in die openbaar daarvan gebruik te maak om Sy sending te beskryf, het Jesus nie vir Petrus (*Matt. 16:16, 17*) of die Samaritaanse vrou (*Joh. 4:25, 26*) verhinder om dit te gebruik nie. Hy het geweet Hy is die Messias, soos gesien kan word in Markus se verslag van Jesus se woorde oor elkeen wat aan een van Sy dissipels ‘n beker water sou gee ‘omdat julle aan Christus behoort’ (*Mark. 9:41*).” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 12, bl. 165, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

- 1. Lees Jesaja 53:1–12. Volgens hierdie verse, wat het Jesus vir ons gedoen? Skryf spesifiek oor wat Hy namens ons gedoen het. Op watter maniere kan ons duidelik in hierdie verse die plan van Jesus as ons Plaasvervanger sien? Hoekom benodig ons Hom as ons Plaasvervanger?**
- 2. Dwarsdeur die geskiedenis het sommige mense die Bybelse belofte van ‘n lewe na die dood gebruik om mense te verdruk. Ja, jou lewe is moeilik hier en nou, maar fokus net op wat God belowe het aan ons wanneer Jesus gaan terugkom. Omdat hierdie waarheid wat uit die Woord van God kom, misbruik was, het baie die Christen se opvatting van lewe na die dood verwerp; in plaas daarvan sien hulle dit slegs as ‘n plan wat sommige mense gebruik om ander te onderdruk. Hoe sal jy op so ‘n opdrag reageer?**
- 3. Hersien jou antwoord op Donderdag se vraag oor Christus se Goddelikheid in die klas en wat dit aan ons sê oor God se karakter. Hoekom is Sy goddelikheid en wat dit openbaar oor God, sulke goeie nuus?**

